Christelike Biblioteek

# Nie uit Dwang nie

Ons is alweer in die middel van die jaar. Die werk in Christus se gemeente is in volle vaart. Daar is beplan en almal is hard aan die werk.

Maar is almal regtig lus daarvoor? Is dit aangenaam om in die gemeente te werk?

Of is dit vrae wat nie gestel mag word en nie van belang is nie, omdat die werk eenvoudig net gedoen moet word?

Dit is in elk geval opmerklik hoe baie aandag in die Skrif aan die innerlike motivering gegee word. God kyk nie net na *wat* jy doen nie, maar ook *hoe* jy dit doen.

God kyk nie net na *WAT* jy doen nie, maar ook *HOE* jy dit doen.

## Eie keuse

ŉ Goeie voorbeeld hiervan het Petrus vir ons gegee. Die apostel het aan die gelowiges in die verstrooiing geskryf. Dit was ŉ tyd van vervolging en baie lyding. Die gemeente is opgejaag, hulle het deur ŉ vuurgloed van beproewing gegaan. Gestel jy word in daardie omstandighede as ampsdraer geroep, om voorganger te wees! Juis die leiers het immers groot gevaar geloop! Hulle kon nie wegkruip nie. Hulle het ŉ belangrike taak in die bediening van die Woord en die leiding van die gemeente gehad. Dit het hulle ŉ maklike prooi vir die vyand gemaak, as hy die kerk wou skade toebring.

Wat sal daar nie alles deur ŉ mens se gedagtes gaan nie as jy onder sulke omstandighede deur die gemeente verkies word tot ampsdraer? Moet jy die roeping aanvaar? En hoe voel jou vrou en die res van die gesin daaroor?

Dalk sal julle met gemengde gevoelens na mekaar kyk. En dis heeltemal verstaanbaar.

Maar die apostel vra *geloof*. En van daaruit skryf hy: '*moenie dit uit dwang doen nie, maar gewilliglik*' (1 Petrus 5:2).

Nie uit dwang nie, wil sê: nie soos ŉ las wat opgelê is nie. Maar maak jy dit jou eie keuse.

Is dit nie te veel gevra nie? Nee, want jy kan slegs in die amp funksioneer as jy iets van Christus wys. Daarmee staan en val alles wat jy doen of sê. Hy is die Herder van sy kudde, as Enige. Omdat Hy mense in sy diens neem, kan hulle *sy* herderskap vertoon. By Hom het alles begin by ŉ eie keuse, ŉ eie gewilligheid waarmee Hy sy gemeente gesoek het. So het Hy Hom in die gevaarsone begeef, sonder enige dwang, net gedryf deur wonderlike liefde.

Is dit nie te veel gevra nie? Nee, want jy kan slegs in die amp funksioneer as jy iets van Christus wys. Daarmee staan en val alles wat jy doen of sê.



## Gedryf deur die liefde

Hierdie boodskap is van blywende belang. Ons lewe tans nie in 'n tyd van oorlog of vervolging nie. Tog kan die roeping tot die amp jou nog steeds voor 'n moeilike keuse stel. Om baie redes kan dit vir jou baie ongeleë wees, kan dit 'n offer vra, ook van jou vrou en kinders.


Dit het egter geen waarde wanneer die amp met teësin aanvaar word nie. Want so kan jy nie die beeld van Christus dra nie. Die teësin is vir Hom iets heeltemal onbekend. Daarom sal dit nodig wees om die roeping te verwerk totdat dit 'n eie keuse, 'n eie oortuiging is - uit liefde tot Christus, en daarom ook uit liefde tot sy kerk. Ek dra dit aan u oor ter oorweging. Omdat dit in die praktyk van die kerklike lewe dikwels anders is.

Dit het egter geen waarde wanneer die amp met teësin aanvaar word nie. Want so kan jy nie die beeld van Christus dra nie. ... Daarom sal dit nodig wees om die roeping te verwerk totdat dit 'n eie keuse, 'n eie oortuiging is - uit liefde tot Christus, en daarom ook uit liefde tot sy kerk.

## Praktyk

Dit alles geld nie net vir die aanvaarding nie, maar ook onverkort vir die uitvoering van jou amp.

Hoekom gaan broeders op huisbesoek, hoekom gee hulle blyk van meelewe in talle situasies? Omdat hulle *moet*? Omdat dit van hulle *verwag* word? As dit die dryfveer is, laat hulle dan maar liewer by die huis bly. Dit lyk so vanselfsprekend, maar tog is die slaggat groot. Want die amptelike druk kan opbou soos wat die jaar aangaan, omdat al die besoeke en werk tog voltooi moet word. Dan *moet* jy gaan, want jy kan nie gemeentelede net oorslaan nie.



Almal sal verstaan hoe skadelik dit kan wees vir goeie motivering. Jesus het vir Petrus maar net een vraag gestel: het jy *My* regtig lief? 'n Vraag om nooit te vergeet nie. En dit stimuleer jou om, voor jy êrens instap, jouself af te vra hoekom jy gaan.

## Gemeente

Vanselfsprekend is hierdie les nie slegs vir die ampsdraers nie, maar vir die hele gemeente, vir elke lidmaat afsonderlik. Daar is (so voel dit) baie take en dienste waarvoor jy nie sommer ligtelik nee kan sê nie. Ook moet daar talle besoeke gebring word in allerhande omstandighede; dis net onmoontlik om daar weg te bly. Maar moenie dat hierdie soort dwang jou dryfveer word nie. Handel uit eie oortuiging, uit ongedwonge liefde.

En weereens moet ons sê dat daar baie slaggate in hierdie weg is. Jy kan maklik struikel. As gevolg van 'n menigte verwagtingspatrone kan vorms en pligplegings in stand gehou word waaruit die liefde lankal verdwyn het.

As gevolg van 'n menigte verwagtingspatrone kan vorms en pligplegings in stand gehou word waaruit die liefde lankal verdwyn het.

Daarby sal ons moet besef dat die gevoelens meestal wedersyds is. As dit vir die een 'n opgelegde taak is om iemand te besoek, wat hy nie van harte doen nie, dan sal die ander waarskynlik diep in sy hart na die einde van daardie besoek uitsien.

Moet dit dan alles willekeurig wees? Nee, natuurlik nie. Maar

As jy optree
in die naam van Christus,
doen dit dan ook
op Christus se manier.

moenie vergeet om die roeping te verwerk tot jou eie keuse nie. As jy optree in die naam van Christus, doen dit dan ook op Christus se manier.

## God se oordeel

In hierdie verband skryf Petrus ook dat in hierdie tyd God se oordeel al begin het en wel in sy eie huis, 1 Petrus 4:17. Anders gesê: God soek geloof, liefde, toewyding en ywer hier op aarde. Waar sal Hy hiervoor begin soek? Uiteraard in sy eie huis, onder sy eie volk! Daar mag Hy tog seker verwag om die liefde te vind, en die dankbaarheid *en die offervaardigheid*. As Hy dit selfs nie in sy eie huis kan kry nie, sal Hy die tempel verlaat. Dit sal nie die eerste keer wees dat dit gebeur nie!

Anders gesê: God soek geloof, liefde, toewyding en ywer hier op aarde. Waar sal Hy hiervoor begin soek? Uiteraard in sy eie huis, onder sy eie volk! Daar mag Hy tog seker verwag om die liefde te vind, en die dankbaarheid *en die offervaardigheid*. As Hy dit selfs nie in sy eie huis kan kry nie, sal Hy die tempel verlaat. Dit sal nie die eerste keer wees dat dit gebeur nie!

## Nie op wins uit nie

Onlosmaaklik hiermee verbind is die vermaning wat Petrus in een asem hieraan toevoeg: moenie handel om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid (1 Petrus 5:2).



Dit wil voorkom asof hierdie vermaning nie met ons te make het nie. In ons tyd is ampte immers nie te koop nie. En 'n predikant het geen invloed op die grootte van sy traktement nie. Of hy kort of lank preek maak byvoorbeeld geen verskil in sy salaris nie. Terwyl die ouderlinge en diakens gewoonlik nie hulle lewensonderhoud deur hulle ampswerk verdien nie.

En tog, al kan dit nie in rand en sent uitgedruk word nie, kan 'n mens in heel sy doen en late voortdurend besig wees om homself te bevoordeel. Die motivering is dan wat vir jouself die beste uitwerk, om te praat of stil te bly. Hoe jy self die beste indruk maak en so meer. Sommige blink uit in diplomatieke optrede: hulle probeer om op twee stoele gelyk te sit, en so hulle self te spaar. Hulle steek nie hul nek uit nie, want dan kan hulle ook niks oorkom nie. En sodoende tree hulle in feite op uit angs. Ons sal moet besef dat so 'n houding 'n ernstige belemmering is om iets vir ander te beteken. Vandaar dat die apostel hierteenoor die bereidwilligheid benadruk: jy moenie jouself spaar nie, maar jouself *gee*.

## Woorde van God

Hoe moet ons dit doen? Die apostoliese voorskrif is net so kort as wat dit duidelik is:

> *'As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God; as iemand dien, laat dit wees soos uit die krag wat God verleen, sodat God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus.'*
>
> (1 Petrus 4:11)

Vandaar dat die apostel hierteenoor die bereidwilligheid benadruk: jy moenie jouself spaar nie, maar jouself *gee*.

Kortom: wees eerlik, praat sonder om bang te wees vir ander se opinies. Vra jouself af wat daarin goed en nuttig is vir die ander om te hoor. Met die bedoeling dat jy in jou gesprek saam reg voor God sal staan. Vir die een sal sulke woorde 'n bemoediging wees, vir die ander sal dit leer om weer vertroue in

God te kry. Iemand anders weer sal tot sy skok agterkom dat hy in 'n bepaalde opsig van God vervreem was. Om op hierdie manier met iemand in gesprek te tree, vra voorbereiding en aandag, terwyl jy op die ander fokus. Jou doelstelling hiermee kan nie wees hoe om elkeen maar net as ŉ vriend te behou nie. Dit is naamlik nie moontlik nie. Die doel lê verder en hoër: hoe kan jy iemand vir God behou?!

**Jou doelstelling hiermee kan nie wees hoe om elkeen maar net as ŉ vriend te behou nie. Dit is naamlik nie moontlik nie. Die doel lê verder en hoër: hoe kan jy iemand vir God behou?!**



Dit is immers hoe Jesus tot die mense gespreek het? Hy het glad nie aan sy eie eer gedink nie, maar woorde van ewige lewe gespreek, waarin Hy homself gegee het. Dit is gewoonlik nie met dank aanvaar nie. Laat dit dan so wees. Soms moes Hy ook sy verontwaardiging wys, om deur te breek na dit wat regtig belangrik is. Maar in dit alles het Hy die harte gesoek, om die vir God te wen.

## Beloning

Daarom is dit so belangrik dat ons in ons gesprekke leer om die Woord van God te gebruik. As ampsdraers, maar Petrus skryf dit verder ook aan die hele gemeente.

Want om te praat (of te swyg!) uit winsbejag, tot jou eie voordeel, is 'n groot slaggat! Dit gebeur keer op keer dat 'n sondige lewenstyl in 'n bepaalde situasie stilswyend verdra word. Om die 'liewe vrede' word daar dan stilgebly. Watter vrede? In elk geval nie die vrede met God nie...

Partykeer kan daar 'n situasie ontstaan wat lyk soos ŉ sameswering: 'ek sal niks oor jou sonde sê nie, solank jy ook stilbly oor my oortreding'. Hier het die heil van die ander uit die prentjie verdwyn. Die eie (sondige) lewe word beskerm en dit is al wat as belangrik gesien word.


Wat sê Jesus van iemand wat so geslepe te werk gaan, met 'n skyn van godsvrug? Jy het reeds die loon ontvang, naamlik die loon van mense. Hulle sal dink jy is wonderlik, maar dis ook al wat jy dan het (Vgl. Matt 6:2).

Hoe verskil dit nie met die woorde van Petrus nie: diegene wat trou die woorde van God spreek, sal die onverwelklike kroon van die Opperherder ontvang. 'n Krans wat nooit sal verwelk nie!

**Daarom is dit so belangrik dat ons in ons gesprekke leer om die Woord van God te gebruik.**

## Ter oorweging

Hierdie woorde word vir ons gegee om oor na te dink. Juis wanneer ons so besig is met al die werk in die gemeente. Juis omdat die gevaar dreig dat ons in al ons aktiwiteite en aksies kan oog verloor waaroor dit werklik gaan.



Gestel dat iemand dit alles min of meer uit dwang doen ('dit word van my verwag') en sonder om te veel daaroor na te dink ('ek herhaal maar net alles wat die ander sê'), dan is dit dus in beginsel moontlik dat jy ŉ hele "patroon van saamwerk" in stand hou, sonder om werklik iets vir iemand anders te beteken.

As ŉ mens dit stel, skrik jy eintlik daarvan. Tog is dit 'n werklike gevaar. Daarom dat hierdie pastorale handreiking van die apostel Petrus gegee word: doen allereers hierdie dinge uit eie oortuiging, omdat jy daarvoor *kies*, om Christus ontwil, uit liefde. En vervolgens: Ondersoek jouself voor die tyd oor moontlike egoïstiese motiewe, vergeet jou eie eer, en durf jouself te gee in wat jy sê en wat jy doen. Handel sonder aansien van die

persoon en probeer om die gemeente en haar lidmate so aan te spoor dat hul naby aan God leef. Die wonderlike is vervolgens dat jy erkenning sal ontvang, juis as jy nie daarop uit is nie. Want mense wat opreg praat vanuit hulle geloof, sonder bybedoelings, dit is mense wat ons diep kan waardeer. As jy dit so mag ervaar, groei daar ook vrymoedigheid om reguit te praat volgens God se bedoeling. En is dit nie 'n kenmerk van 'n lewende, Christelike gemeente nie?

**Doen allereers hierdie dinge**
**uit eie oortuiging,**
**omdat jy daarvoor *kies*,**
**om Christus ontwil,**
**uit liefde.**

B Luiten

© 2016
www.christelikemedia.org

*Hierdie artikel is deur Louise Haak vertaal.*